GR 4 LEWENSVAARDIGHEDE - PLAN VAN AKSIE (JUNIE 8 - 12 JUNIE)

DATUM	INSTRUKSIES/BRONNE	AKTIWITEITE/HUISWERK
DINSDAG **2 JUNIE TOT 29 JUNIE (Prakties)**	**1. VERBETERING VAN ALGEHELE FIKSHEID** **Hierdie aktiwiteit sal oor 4 weke strek.**	**Doen Aktiwiteit 1.** **(WEEK 2)** **Sien aangehegte Aktiwiteit van vorige plan van aksie**
WOENSDAG **10 JUNIE (Teorie)**	**HOOFSTUK 10: KINDERREGTE EN VERANTWOORDELIKHEDE** **Plat. p 64,65**	**HUISWERK** **1. Lees Inligtingsuk A oor *Belangrikheid van Regte*** **2. Beantwoord die vrae wat volg.** **3. Plak die Inligtingstuk in jou Werkboek.**
DONDERDAG **11 JUNIE (Teorie)**	**HOOFSTUK10: KINDERREGTE** **Plat. p 64,65**	**HUISWERK** **1. Lees Inligtingstuk B oor *Kinderregte*** ***2.* Beantwoord die vrae wat volg.** **3. Plak die Inligtingstuk in jou Werkboek.**
VRYDAG **12 JUNIE (Teorie)**	**GEEN HUISWERK!!!**	**GENIET DIE NAWEEK**

INLIGTINGSTUK A:

BELANGRIKHEID VAN REGTE

Almal wat in Suid Afrika bly het regte, of jy nou ‘n volwassene of ‘n kind is.

Hierdie regte help ‘n persoon om positief te kan groei en ontwikkel tot jou volle potensiaal (die beste wat jy kan wees).

Kinders het spesiale regte wat in die Suid Afrikaanse Grondwet opgeneem is omdat hulle meer beskerming as volwassenes nodig het.

Die Grondwet is eintlik soos ‘n groot boek met reels wat mense van ‘n land help om vry en regverdig te kan leef. Hierdie reels word opgesom in die HANDVES VAN REGTE. Almal moet hierdie reels gehoorsaam.

Wanneer ‘n mens ‘n reg het, beteken dit ook dat ‘n mens ‘n VERANTWOORDELIKHEID het.

VRAE

1. Wat is ‘n reg?

2. Watter persone in Suid Afrika het regte?

3. Hoekom is dit belangrik om regte te hê?

4. Waarom het kinders spesiale regte?

5. Wat is die Grondwet eintlik?

6. Waarom is dit belangrik dat ‘n land reels moet hê wat mense moet gehoorsaam?

4. Voltooi:

4.1 Wanneer ‘n mens ‘n reg het, beteken dit ook dat mens ‘n ……. het.

4.2 Gee ‘n definisie van “verantwoordelikheid”.

INLIGTINGSTUK B: KINDERREGTE

TIEN REGTE VAN KINDERS

1. Kinders het die reg op lewe.

2. Kinders het die reg op onderrig.

3. Kinders het die reg op kos en skoon water.

4. Kinders het die reg op 'n naam en 'n veilige woonplek. (Liefde en sekuriteit in gesinsnorg)

5. Kinders het die reg op gesondheidsdienste.

6. Kinders het die reg om hul gevoelens en gedagtes uit te spreek. (Vryheid van spraak)

7. Kinders het die reg op beskerming teen gevaarlike situasies. (Enige vorm van mishandeling)

8. Kinders het die reg op beskerming teen werk. (Kinders mag eers op die ouderdom van 16 toegelaat word om te werk.

9. Kinders het die reg op skuiling.

10. Kinders het die reg op 'n veilige en skoon omgewing.

VRAE

5. Na watter kinderreg verwys die volgende:

5.1 "Ek het nêrens om te bly nie."

5.2 "Dit voel heerlik om 'n vol maag te hê"

5.3 "Ek wens ek kon ook skool toe gaan"

5.4 "Ek is by die skool geslaan"

5.5 "Ek sukkel om hierdie muur te verf"

5.6 "Ek werk nou al vyf ure in die tuin"

5.7 "As ek net medisyne kon drink was ek nou al gesond"

5.8 "Ek wens net ek kon vir iemand sê hoe ek voel"